# 24 Februarie 2024 - Lesing 245 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

Die Messias se koms in die wêreld – 19/12/61

**NO: 8065 Hoe donker was die wêreld** nie toe ek na die aarde neergedaal het nie. Slegs selde het 'n lig begin te skyn. Slegs selde was daar mense in wie 'n lig van liefde aangesteek was. En hulle het die groot behoefte herken en **geroep** na 'n Redder wat die wêreld sou verlos van sonde en dood.

Want die kennis was aan hulle gegee dat die Messias sou kom om aan die mense redding te bring. En op hierdie Messias het hulle gewag, want hulle het deur profete die tyding ontvang van Sy verskyning in hierdie wêreld. En hierdie gebed van die weiniges het ek verhoor.

Ek het Self na die aarde neergedaal, omdat die profesieë vervul moes word en omdat die nood so groot was en daar iemand moes kom as Redder en Verlosser van die wêreld. En Ek het My lig uitgestraal. Ek het My liefde laat uitstraal na **alle mense wat in die kring van My liefde was.** Hulle was self waarlik vervul met die lig van liefde en hulle het My erken as die Messias wat die wêreld sou verlos van sonde en dood.

Waar daar duisternis is, daar het My teëstander die oppergesag. En waarlik, hy woed onder die mense om hulle te vernietig. Maar Ek het in hierdie wêreld gekom **as 'n helder skynende lig en het sy dade verlig**, sodat hy herken is as Satan en vernietiger van diegene wat in die lig wou wandel, **wat liefde in hulleself aangesteek het** en wat daarom gewillige toehoorders was toe Ek hulle My Woord verkondig het: **My goddelike leer van liefde** - en slegs die vervulling daarvan het redding vir die mensdom vanuit hul geestelike nood beteken.

Die Lig self het na die aarde neergedaal. Liefde het Homself beliggaam in 'n mens **wat Homself voorberei het as 'n Houer vir die goddelike Liefdeslig van ewigheid.**

**Ek het Myself met Vlees beklee**, omdat Ek Self, as 'n onuitputlike bron van krag, 'n Omhulsel moes kies om onder julle mense te kon vertoef. Julle sou vergaan het as My ontsaglike volheid van lig en krag julle sou verlig het, indien Ek julle sou genader het sonder 'n Omhulsel. En so het 'n Siel van lig, 'n **Engelgees** wat deur My in die lewe geroep is, **Homself aangebied** om hierdie menslike uiterlike te bewoon en so vir My 'n **Houer voor te berei waarin Ek My liefdeskrag nou Self kon uitgiet**.

So kon Ek Self in hierdie menslike omhulsel onder julle mense vertoef. En julle kon van My liefdeslig ontvang soveel as wat julle begeer het, as die duisternis julle mense bedruk het en julle haar wou verdryf deur die lig wat van My uit na julle gestraal het en die donker nag verlig het.

Ek het as Mens JaHshua onder julle mense gelewe. Ek het na die aarde neergedaal omdat Ek vir julle mense hulp wou bring in julle baie groot geestelike nood. Ek wou julle verlos van die mag van die een wat julle eens vrywillig na die diepte gevolg het en van wie julle julleself **nie alleen kon ontworstel nie**.

Daarom het Ek Self as Redder na die aarde gekom. Want in die Mens JaHshua het Ek die verlossingswerk vir julle volbring. Deur My kruisdood het Ek die skuld tot niet gemaak wat julle van My af verwyder het en dit eers sy regverdige versoening moes vind indien Ek julle weer in My koninkryk sou wil ontvang, indien julle weer in die lig wou vertoef, soos in die allereerste begin.

Die Lig het die duisternis binnegegaan. Daar moes 'n Wese van die Lig na die aarde toe kom waarin die ewige Lig Homself kon manifesteer. 'n Menslike Omhulsel moes in Homself 'n siel van lig opneem Wie dan sy Liggaam vir My voorberei het, sodat Hy nie sou vergaan as Ek Self in hierdie menslike omhulsel My intrek neem nie. Want Ek Self was die Liefdeskrag wat Homself tot in die oneindigheid uitgestraal het, maar **wat 'n uiterlike Omhulsel nodig gehad** het solank Hy onder julle mense vertoef het - julle mense wat alle lig afgewys het.

Maar Ek is slegs deur weinig herken, omdat daar in hulle nog 'n klein vonkie liefdeslig gegloei het wat op My gerig was, en hulle is ook uit die duisternis verhef. Maar daarvoor moes die verlossingsplan volbring word.

Die oerskuld moes nietig verklaar word, **die kosprys moes betaal word** vir die siele wat hulleself nog in die mag van My teensander bevind het, wie hulle nie wou vrylaat nie.

En die Mens JaHshua het 'n moeilike pad op aarde afgelê. **Hy het Homself voorberei om vir My 'n woning te word en het My in Homself opgeneem**.

En so was Sy hele lewenswandel **slegs 'n wandeling in liefde**, omdat die Liefde Hom innig met My verbind het en My aanleiding gegee om My intrek in Hom te neem. En so het Sy oorweldigende liefde vir My 'n offer gebring vir Sy gevalle broers. **Hy het hulle skuld op Hom geneem en daarmee na die kruis gegaan**.

Hy het gely en gesterf in verskriklike pyne en kwellinge en het volgehou vanweë Sy groot liefde. Want Hy het My Self in Hom opgeneem. Hy het Homself volledig met My verenig. Hy het self Liefde geword, wat My oerelement is, sodat Ek dus Self die verlossingswerk in die mens JaHshua volbring het.

En Ek het julle verlos van sonde en dood. Ek het vir julle die toestand herstel wat voor julle sondeval bestaan het, maar Ek het dit afhanklik gemaak van julle wil, **om My Self in Jesus Christus te erken en te glo dat julle verlossing sal vind**. Ek het soos helder lig op hierdie aarde geskyn en in hierdie lig kon die mensdom nou die weg herken wat hulle moes gaan om weer na My terug te keer, **na die huis van die Vader.**

Voorheen, in die duisternis, kon die mense nie hul weg vind nie. En daarom het hulle voortdurend gedwaal. Hulle was in My teenstander se gebied en het geen weg geken wat na buite gelei het, na My koninkryk nie.

Ek moes eers vir julle Self hierdie pad baan waarop julle My nou almal sou kan volg. En daarom het Ek na die aarde neergedaal. Daarom het Ek vlees aangeneem en vir julle die swaarste offer in die Mens JaHshua aangebied.

**Ek het 'n Lig aangesteek wat nooit meer sal uitdoof nie**, want die verlossingswerk is vir alle tye volbring. Vir mense sal dit altyd **die weg na die kruis** wees wat teruglei na My, na My ryk.

En steeds weer sal julle mense gewys word op die Een wat vir julle aan die kruis gesterf het. Die groot liefde van die Mens JaHshua sal altyd aan julle voorgehou word as 'n "weg wat nagevolg moet word".

En julle sal waarlik ook in die lig wandel, want julle steek dit self in julle aan die brand sodra julle Sy **gebooie van die liefde nakom**, sodra julle julleself deur die liefde met My self verbind. Want julle sal die duisternis oorwin. Julle sal vry wees van julle vyand en teenstander. Julle sal weer terugkeer na die Vader, van wie julle eens weggegaan het. Amein.

***Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6 en 7, deur JaHshua gedikteer aan Marietha Nel***

***Jahshua:*** *Dit is Drie Groot Vorste wat die Wese van MY voorstel.* ***Lig, Lewe en Liefde.*** *Die eerste daarvan is Liefde, wat gelyk is aan die Bestaan of Ontstaan en die tweede is Lewe wat uit die Warmte van Liefde ontspring. Die derde hiervan is Lig, Hy staan vir MY Wysheid, wat die Lig is van die geskapenes. Verstaan dat hulle net die Uitbeelding van MY Wese is, want EK is nie 'n drieledige Godheid nie. Die Wese van MY kan kom in Wysheid of net in Liefde of in Krag, maar EK IS Éen en oneindig. Die Drie is MY Heilige en Aparte Vorste wat die Liefde, Wysheid en Krag uitbeeld.*

***Jahshua:*** *EK gaan jou eers vertel van die Drie; Aan die begin was daar Drie en die Sewe het uit hul voortgekom, maar die Éen, gelyk aan die Lig van Elohim, wat EK IS, het geval. Sy naam noem julle* ***Lucifer of Ligdraer****. Maar EK het dadelik 'n Vors geroep om die plek te vul van die gevallene, jy vra nou hoekom EK dadelik 'n ander Vors in sy plek gestel het? Dit is om ewig uit te beeld dat MY eienskappe sal bestaan. En die Vors wat EK geroep het om in Lucifer se plek te staan, is ook die gelykenis van die Lig. Die éen wat dit waardig is, kry die plek by MY, of het jy gedink dat die plek leeg moet bly? As EK die plek sou oop los, dan is daar net twee om MY Wese uit te beeld, dit wil sê, Liefde en Lewe, maar niks kan ontstaan sonder Lig nie, en dus herstel EK die simboliek.*